Jesus roep my

# God bring orde in chaos

## Bybelteks

*In die begin het God die hemel en die aarde geskep. God het na alles gekyk wat Hy gemaak het, en kyk, dit was baie goed ... God was op die sewende dag klaar met sy werk wat Hy gedoen het; en Hy het ... gerus.*

**– Genesis 1:1, 31; 2:2**

## Kernwaarheid

**God skep vanuit chaos om orde en lewe te bring. Hierdie verhaal aanbid God as die Skepper.**

### WELKOM

- Was dit vir jou en jou maatjies maklik om die lekkers in kleure te groepeer?
- Van watter kleur was daar die meeste?

### WONDER

- Hoe het dit in die begin gelyk toe God die hemel en die aarde geskep het?
- God het die aarde in ses dae geskep. Wat het God op die sewende dag gedoen?
- Was God tevrede met alles wat Hy geskep het?

### WEES

Kyk na die storiekaart wat jy gemaak het. Dit sal jou help onthou wat God op elke dag geskep het.

### WEGSTUUR

Hou hierdie week 'n skattejag by die huis. Kyk elke dag of jy iets kan vind wat God op daardie dag geskep het. Sondag is dag een – jy kan kyk of jy die maan en die sterre in die donker kan sien. Onthou dan dat God lig en donker van mekaar geskei het. Maandag is dag twee, en so gaan dit aan. Kyk na jou storiekaart en vra jou huismense om jou te help.

# Kleur hierdie prentjie in.

